With reference to Administrator's Notice No. 738 of the 21st October, 1959, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of sub-section (1) of section thirty-one of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), to approve the road adjustments shown on the subjoined sketch plan.

D.P. 08-082-23/24/R/10.



D.P. 08-082-23/24/R/10

VERWYSING: REFERENCE:

Pad gesluit=====Road closed
 Bestaande paale=====Existing roads

Administrateurskennisgewing No. 539.]

[13 Julie 1960.

OPENBARE PAD. — VERMEERDERING VAN BREEDTE—DISTRIKTE JOHANNESBURG EN ROODEPOORT.

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, ingevolge artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957), goedkeuring verleen het dat die breedte van die gedeelte van Distrikspad No. 1520 oor die plase Rietfontein No. 301, Registrasie-afdeling I.Q., distrik Johannesburg, en Roodepoort No. 302, Registrasie-afdeling I.Q., distrik Roodepoort, soos op bygaande sketsplan aangetoon word, vermeerder word van 50 na 120 Kaapse voet en by die aansluiting met Distrikspad No. 758 van 50 na 290 Kaapse voet.

D.P. 021-025-23/22/1520.


Administrator's Notice No. 539.]

[13 July 1960.

PUBLIC ROAD.—INCREASE OF WIDTH—DISTRICTS OF JOHANNESBURG AND ROODEPOORT.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, in terms of section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957), that the width of District Road No. 1520, traversing the farms Rietfontein No. 301, Registration Division I.Q., District of Johannesburg, and Roodepoort No. 302, Registration Division I.Q., District of Roodepoort, as indicated on the sketch plan subjoined hereto, shall be increased from 50 to 120 Cape feet and at the junction with District Road No. 758 from 50 to 290 Cape feet.

D.P. 021-025-23/22/1520.



D.P. 021-025-23/22/1520

VERWYSING

REFERENCE

BESTAANDE PAAIE

EXISTING ROADS

PAD VERBREED

ROAD WIDENED

VAN 50 KVT. TOT 120 KVT.

FROM 50 C.F. 120 C.F.

Administrateurskennisgewing No. 540.]

[13 Julie 1960.

OPENING.—OPENBARE PAD, DISTRIK HEIDELBERG.

Dit word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Heidelberg, goedgekeur het dat 'n openbare pad sal bestaan oor die plase Rooiwal No. 607, Rietvlei No. 600, Witpoort No. 565 en Vlakfontein No. 599, Registrasie-afdeling I.R., distrik Heidelberg, soos op bygaande sketsplan aangetoon word, ingevolge paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel vyf van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie No. 22 van 1957).

D.P. 021-023-23/22/492 (B).


Administrator's Notice No. 540.]

[13 July 1960.

OPENING.—PUBLIC ROAD, DISTRICT OF HEIDELBERG.

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Heidelberg, that a public road which traverses the farms Rooiwal No. 607, Rietvlei No. 600, Witpoort No. 565 and Vlakfontein No. 599, Registration Division I.R., District of Heidelberg, as shown on the sketch plan subjoined hereto, shall exist in terms of paragraph (b) of sub-section (1) of section five of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance No. 22 of 1957).

D.P. 021-023-23/22/492 (B).



D.P. 021-023—23/22/492 (B)

VERWYSING	REFERENCE
BESTAANDE PAAIE	EXISTING ROADS
PAD VERKLAAR	ROAD DECLARED

Administrateurskennisgewing No. 541.]

[13 Julie 1960.]

KENNISGEWING VAN VERBETERING.

MUNISIPALITEIT SPRINGS.—WYSIGING VAN
LOKASIEREGULASIES.

Administrateurskennisgewing No. 217 van 16 Maart 1960, word hierby as volg verbeter:—

1. Deur in paragraaf (bb) van sub-item (h) van item (iii) van Deel B, Bylae E, die bedrae „£3,653” en „£4,931” te skrap en dit onderskeidelik deur die bedrae „£3·653” en „£4·931” te vervang.

2. Deur in die Afrikaanse teks van sub-item (a) van item (ii) van Deel C, Bylae E, die woord „maad” te skrap en dit deur die woord „maand” te vervang.

Administrateurskennisgewing No. 542.]

[13 Julie 1960.]

PADREELINGS OP DIE PLAAS POTGIETERS-
HOOGTE No. 134, REGISTRASIE-AFDELING
J.Q., DISTRIK RUSTENBURG.

Dit word vir algemene inligting bekendgemaak dat Administrateurskennisgewing No. 396 van 24 Junie 1959, hierby gewysig word deur die sketsplan daarin genoem, te skrap en te vervang deur die bygaande sketsplan.

D.P. 08-082-23/24/P2.

Administrator's Notice No. 541.]

[13 July 1960.]

CORRECTION NOTICE.

MUNICIPALITY OF SPRINGS.—LOCATION
REGULATIONS AMENDMENT.

Correct Administrator's Notice No. 217, dated the 16th March, 1960, as follows:—

1. By the deletion in paragraph (bb) of sub-item (h) of item (iii) of Part B, Schedule E of the amounts “£3,653” and “£4,931” and the substitution therefor of the amounts “£3·653” and “£4·931” respectively.

2. By the deletion in the Afrikaans text of sub-item (a) of item (ii) of Part C, Schedule E, of the word “maad” and the substitution therefor of the word “maand”.


Administrator's Notice No. 542.]

[13 July 1960.]

ROAD ADJUSTMENT ON THE FARM POTGIETERS-
HOOGTE No. 134, REGISTRATION DIVISION
J.Q., DISTRICT OF RUSTENBURG.

It is notified for general information that Administrator's Notice No. 396 of 24th June, 1959, is hereby amended by the deletion of the sketch plan mentioned therein and the substitution thereof by the sketch plan subjoined hereto.

D.P. 08-082-23/24/P2.



DP-08-Q82-23/24/P2

VERWYSING :

REFERENCE

Pad gesluit ===== Road closed

Bestaande paaie ===== Existing roads

Administrateurskennisgewing No. 543.]

[13 Julie 1960.

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK.—WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE EN -REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die wysigingsverordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/77/34.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT VANDERBIJLPARK.—WYSIGING VAN PUBLIEKE GESONDHEIDSVERORDENINGE EN -REGULASIES.

Die Publieke Gesondheidsverordeninge en -regulasies van die Munisipaliteit Vanderbijlpark, afgekondig by Administrateurskennisgewing No. 11 van 12 Januarie 1949, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur subartikel (a) van artikel 44 van Hoofstuk 1, van Deel IV te skrap en dit deur die volgende te vervang:—

„(a) (i) Alle huisvullis uit private woonhuise en vullis uit besigheidspersone, hotelle, restaurante, losieshuise, woonstelle, kamers, kroë, teaters, musieksale, bioskope en ander vermaaklikheidsplekke, moet slegs in vullisblikke van 'n tipe soos voorgeskryf in paragraaf (ii) geplaas word.

Iedere eienaar of okkupeerder van persele moet binne twee dae nadat die persele betrek is, of binne sewe dae nadat 'n skriftelike kennisgewing aan hom bestel is om dit te verskaf, 'n voldoende aantal vullisblikke van die voorgeskrewe tipe op die perseel verskaf waarin die afval gegooi kan word.

Administrator's Notice No. 543.]

[13 July 1960.

MUNICIPALITY OF VANDERBIJLPARK.—AMENDMENT OF PUBLIC HEALTH BY-LAWS AND REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the amending by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/77/34.

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF VANDERBIJLPARK.—AMENDMENT OF PUBLIC HEALTH BY-LAWS AND REGULATIONS.

Amend the Public Health By-laws and Regulations of the Municipality of Vanderbijlpark, published under Administrator's Notice No. 11, dated the 12th January, 1949, as amended, as follows:—

1. By the deletion of sub-section (a) of section 44 of Chapter 1, Part IV, and the substitution thereof of the following:—

“(a) (i) All domestic refuse from private dwellings and refuse from business premises, hotels, restaurants, boarding-houses, flats, rooms, public houses, theatres, music halls, bioscopes, and other places of amusement, shall be deposited only in refuse receptacles of a type as specified in paragraph (ii).

Every owner or occupier of premises shall within two days of occupying such premises or within seven days of the service on him of notice in writing requiring him to do so provide a sufficient number of receptacles of the prescribed type for the reception of the garbage upon such premises.

(ii) Elke blik waarna in paragraaf (i) verwys word, moet—

- (1) stewig gemaak wees van gladde weekstaal geheel en al bedek deur 'n sinklaag wat geen tekens van swak adhesie toon nie;
- (2) voorsien wees van 'n bodem gewapen deur 'n staalgedrukte band om 'n spasie onder die blik bo die rand van die band van nie minder as $\frac{5}{16}$ duim nie te verseker;
- (3) alle laste behoorlik gesweis of gevou hê en moet waterdig wees;
- (4) die volgende afmetings hê:—

Binne diameter bo ...	17 $\frac{7}{8}$ duim.
Binne diameter onder ...	15 $\frac{1}{2}$ duim.
Binne hoogte van blik ...	24 duim.
Binne diameter van deksel ...	19 $\frac{1}{2}$ duim.
Binne diepte van deksel ...	1 $\frac{1}{4}$ duim.
Metaaldikte:—	
Kante ...	20 S.D.N.
Bodem ...	18 S.D.N.
Deksel ...	22 S.D.N.
- (5) voorsien wees van twee stewige handvatsels reg teenoor mekaar ses duim van die bokant van die blik af;
- (6) voorsien wees van 'n geskikte deksel wat behoorlik pas met 'n handvat in die middel.

L.W.—Blikke wat ooreenkomstig die S.A.B.S. se Spesifikasie No. 493 vervaardig is, sal aan die vereistes van hierdie artikel voldoen."

2. Deur aan die einde van subartikel (a) van artikel 44 van Hoofstuk 1, Deel IV, die volgende toe te voeg: die bestaande subartikel (b) word nou subartikel (c):—

„(b) Nieteenstaande die bepalinge van paragrawe (i) en (ii) van subartikel (a) kan reëlings met die Raad getref word vir die lewering van tydelike vullisverwyderingsdienste ten opsigte van enige persele vir tydperke van nie meer as een maand nie, en alle vullis van sodanige persele moet slegs in vullisblikke wat deur die Raad verskaf word, geplaas word. Die vullisblikke wat aldus verskaf word bly die eiendom van die Raad en die okkupeerder van die persele ten opsigte waarvan die tydelike diens gelewer word is aanspreeklik vir die verlies van of opsetlike beskadiging of albei van sodanige blik of blikke."

3. Deur die volgende woorde aan die einde van die nuutgenommerde subartikel (c) van artikel 44 van Hoofstuk 1, Deel IV, te skrap:—

„en hy is verantwoordelik vir die verlies van of enige moedswillige beskadiging aan sodanige bak of bakke."

4. Deur die bestaande subartikels (c), (d) en (e) van artikel 44 van Hoofstuk 1, Deel IV, onderskeidelik te hernoem tot subartikels (d), (e) en (f).

(ii) Every receptacle referred to in paragraph (i) shall—

- (1) be rigidly constructed of non-corrugated mild steel, completely covered by a zinc coating which shows no evidence of poor adherence;
- (2) have the bottom thereof re-inforced by a steel pressed band to ensure a clearance of the bottom of the bin, above the edge of the band of not less than $\frac{5}{16}$ inches;
- (3) have all joints properly welded or folded and be water-tight;
- (4) be of the following dimensions:—

Internal top diameter ...	17 $\frac{7}{8}$ inches.
Internal bottom diameter ...	15 $\frac{1}{2}$ inches.
Internal bin height ...	24 inches.
Internal lid diameter ...	19 $\frac{1}{2}$ inches.
Internal lid depth ...	1 $\frac{1}{4}$ inches.
Metal thickness:—	
Sides ...	20 S.W.G.
Bottom ...	18 S.W.G.
Lid ...	22 S.W.G.
- (5) be provided with two handles securely fixed to the sides diametrically opposite one another six inches below the top of the receptacle;
- (6) be provided with a suitable well-fitting lid with central handle.

NOTE.—Bins constructed in accordance with S.A.B.S. Specification No. 493 will meet the requirements of this section."

2. By the addition at the end of sub-section (a) of section 44 of Chapter 1, Part IV, of the following; the existing sub-section (b) now becoming sub-section (c):—

“(b) Notwithstanding the provisions of paragraphs (i) and (ii) of sub-section (a) arrangements may be made with the Council for the provision of temporary refuse removals services in respect of any premises for periods not exceeding one month, and all refuse from such premises shall be deposited only in refuse receptacles provided by the Council. Receptacles so provided shall remain the property of the Council and the occupier of the premises in respect of which the temporary service is rendered shall be responsible for the loss of or for any wilful damage or both to any such receptacle or receptacles.”

3. By the deletion of the following words at the end of the newly numbered sub-section (c) of section 44 of Chapter 1, Part IV:—

“and he shall be responsible for the loss of and for any wilful damage to any such receptacle or receptacles.”

4. By renumbering the existing sub-sections (c), (d) and (e) of section 44 of Chapter 1, Part IV, sub-sections (d), (e) and (f) respectively.

Administrateurskennisgewing No. 544.]

[13 Julie 1960.

MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE. — REGLEMENT VAN ORDE EN FINANSIËLE REGULASIES.

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel honderd-en-een van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge in die bygaande Bylae uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel nege-en-negentig van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

T.A.L.G. 5/86/52.

Administrator's Notice No. 544.]

[13 July 1960.

MUNICIPALITY OF DELAREYVILLE.—STANDING ORDERS AND FINANCIAL REGULATIONS.

The Administrator hereby, in terms of section one hundred and one of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth in the Schedule hereto, which have been approved by him in terms of section ninety-nine of the said Ordinance.

T.A.L.G. 5/86/52.

BYLAE.

MUNISIPALITEIT DELAREYVILLE.—REGLEMENT VAN ORDE EN FINANSIËLE REGULASIES.

INLEIDING.

Woordomskrywing.

1. (1) Vir die toepassing van hierdie verordeninge, ten sy die sinsverband anders aandui beteken—

- „Raad” die Dorpsraad van Delareyville;
- „voorsitter” die persoon wat op ’n vergadering van die Raad of van ’n komitee van die Raad voorsit;
- „burgemeester” die burgemeester van die munisipaliteit soos hierbo vermeld;
- „stadsklerk” die stadsklerk van die munisipaliteit soos hierbo vermeld en omvat ’n persoon wat vir die oomblik optree in sodanige hoedanigheid in die loop van sy pligte by die Raad;
- „stadstesourier” die stadstesourier van die munisipaliteit soos hierbo vermeld en omvat ’n persoon wat vir die oomblik optree in sodanige hoedanigheid in die loop van sy pligte by die Raad;
- „magasynmeester” die persoon wat van tyd tot tyd hierdie pos beklee in die diens van die Raad van die munisipaliteit hierbo genoem en omvat ’n persoon wat vir die oomblik in sodanige hoedanigheid optree;
- „verantwoordelike amptenaar” ’n amptenaar in diens van die Raad, aangewys vir die doel deur die stadsklerk, of daartoe behoorlik gemagtig deur die hoof van ’n afdeling;
- „kalenderjaar” die tydperk van die eerste dag van Januarie tot en met die een-en-dertigste dag van Desember van dieselfde jaar.

(2) Waar daar in hierdie verordeninge melding gemaak word van ’n afdelingshoof of ’n beampte van die Raad, omvat dit ’n persoon wat optree in sodanige hoedanigheid in die loop van sy pligte by die Raad van die munisipaliteit.

DEEL I.—REGLEMENT VAN ORDE.

RAADSVERGADERINGS.

Handhawing van orde by raadsvergaderings.

2. (1) Die voorsitter kan te eniger tyd gedurende ’n Raadsvergadering, indien hy dit ter handhawing of bewaring van die orde noodsaaklik ag, opdrag gee dat ’n persoon uit die raadsaal of uit die galery verwyder, of dat die galery heeltemal ontruim moet word.

(2) Die voorsitter moet die aandag van die Raad vestig op herhaalde ontoepaslikheid, vervelige herhaling, onbetamelike taal of enige versteuring van die orde deur ’n raadslid, en moet so ’n lid indien hy praat, gelas om sy toespraak te staak, of om hom, ingeval hy voortgaan om die gesag van die voorsitter te minag, vir die res van die sitting te verwyder.

(3) Iemand wat versuim of weier om ’n bevel of ’n opdrag wat die voorsitter ingevolge hierdie artikel gegee het, uit te voer, of wat hom opsetlik teen die uitvoering van so ’n bevel of opdrag verset, is skuldig aan ’n misdryf.

(4) Die Raad kan enige lid wat die gesag van die voorsitter minag, of wat opsetlik die werksaamhede van die Raad belemmer, solank as wat hy goed ag, skors en uitsluit. Ondanks enige bepalinge in hierdie verordeninge vervat, kan ’n mosie om iemand te skors of uit te sluit op enige stadium van die vergadering ingedien word.

Kennisgewing van vergadering moet van dokumente vergesel gaan.

3. By elke kennisgewing van ’n raadsvergadering wat aan ’n raadslid gestuur word, moet ’n agenda wat die werksaamhede van die vergadering opsom, aangeheg of toegevoeg word, en voorts moet daar aan sodanige kennisgewing afskrifte van alle komitee- sowel as Finansies-komiteeverslae wat oor die onderwerpe van die agenda handel, aangeheg word: Met dien verstande dat waar ’n spesiale vergadering van ’n komitee voor die raadsvergadering gehou word oor ’n dringende saak dit nie nodig is om die verslag aan die Raad, wat uit so ’n komiteevergadering voortspruit aan die kennisgewing te heg nie mits die agenda vermeld dat sodanige verslag aan die Raad voorgelê sal word en kortliks die saak wat dit sal

SCHEDULE.

MUNICIPALITY OF DELAREYVILLE.—STANDING ORDERS AND FINANCIAL REGULATIONS.

INTRODUCTORY.

Interpretation of Terms.

1. (1) For the purpose of these by-laws, unless the context indicates otherwise—

- “Council” means the Village Council of Delareyville;
- “chairman” means the person presiding at a meeting of the Council or of a committee of the Council;
- “mayor” means the mayor of the municipality mentioned above;
- “town clerk” means the town clerk of the municipality mentioned above and includes any person for the time being acting in such capacity in the course of his duties with the Council;
- “town treasurer” means the town treasurer of the municipality mentioned above and includes any person for the time being acting in such capacity in the course of his duties with the Council;
- “storekeeper” means the person from time to time holding this post in the service of the Council of the municipality mentioned above and includes any person for the time being acting in such capacity;
- “responsible officer” means an officer in the employ of the Council, appointed for the purpose by the town clerk or duly authorized thereto by the head of a department;
- “calendar year” means the period from the first day of January up to and including the thirty-first day of December of the same year.

(2) Where in these by-laws reference is made to a departmental head or to any official of the Council it includes any person acting in such capacity in the course of his duties with the Council of the municipality.

PART I.—STANDING ORDERS.

MEETINGS OF THE COUNCIL.

Maintenance of Order at Council Meetings.

2. (1) The chairman may at any time during a meeting of the Council, if he considers such action necessary in order to secure or preserve order, direct the removal of any person from the Council chamber or from the gallery or order the gallery to be wholly cleared.

(2) The chairman shall call the attention of the Council to continuing irrelevance, tedious repetition, unbecoming language or any breach of order on the part of a member of the Council and shall direct such member, if speaking, to discontinue his speech, or, in the event of persistent disregard of the authority of the chair to retire for the remainder of the sitting.

(3) Any person who fails or refuses to carry out any order or direction of the chairman given in terms of this section, or who wilfully resists the carrying out of such order or direction, shall be guilty of an offence.

(4) The Council may suspend and exclude for such period as it may deem fit, any member who may disregard the authority of the chair or who may wilfully obstruct the business of the Council. Notwithstanding anything in these by-laws contained, a motion to suspend or exclude may be moved at any stage of the meeting.

Documents to Accompany Notices of Meetings.

3. To the notice of a meeting of the Council served on a councillor there shall be appended or annexed an agenda paper capitulating the business of the meeting, and there shall be further annexed to such notice copies of all committee and finance committee reports dealing with the agenda: Provided that where a special meeting of a committee is to be held before the Council meeting on a matter of urgency it shall not be necessary to annex the report to the Council emanating from such committee meeting to the notice: Provided the agenda mentions

behandel, aanstip. Daarbenewens moet daar aan sodanige kennisgewing afskrifte geheg word van alle kennisgewings van mosie wat by die vergadering in behandeling geneem sal word.

Slegs sake wat in agenda genoem is, moet behandel word.

4. Uitgenome dringendheidsverslae van 'n komitee en uitgenome onbestrede mosies van 'n formele aard wat geen uitgawe meebring nie, mag geen saak wat nie ingesluit is in die agenda van 'n raadsvergadering wat per kennisgewing aan die raadslede gestuur is by 'n raadsvergadering behandel word nie.

Perke van agenda.

5. Geen ander sake as komiteeverslae en kennisgewings van mosie mag op die agenda van 'n raadsvergadering verskyn nie.

Opkomsregister.

6. Elke lid van die Raad, wat 'n raadsvergadering bywoon, moet sy naam teken in die opkomsregister wat vir die doel aangehou word.

WERKSAAMHEDE BY RAADSVERGADERINGS.

Volgorde van werksaamhede.

7. (1) Die volgorde van die werksaamhede by elke gewone raadsvergadering is soos volg:—

- (a) Bekragtiging van die notule van vorige gewone vergadering, en spesiale vergaderings, as daar was.
- (b) Die verslae en aanvullende verslae van komitees in alfabetiese volgorde volgens die name van die komitees.
- (c) Kennisgewings van mosie in die volgorde waarin die stadsklerk dit ontvang.

(2) Die artikels van die verslae van komitees moet een na die ander behandel word. Die verslag moet eers behandel word en daarna enige aanvullende verslag of verslae in die volgorde waarin hulle aan die agenda geheg is.

(3) Ondanks enigiets in hierdie artikel vervat, kan die Raad, na goeddunke, enige saak wat op die agenda voorkom, op enige tydstop na vore bring.

NOTULE.

Die notule moet goedgekeur en onderteken word.

8. Die notule van die werksaamhede by elke raadsvergadering, moet, indien dit juis is, goedgekeur word by die volgende gewone vergadering van die Raad en die voorsitter moet dit onmiddellik na genoemde vergadering onderteken.

9. Waar word beskou dat die notule met die oog op goedkeuring gelees is, indien al die raadslede teenwoordig bekragtig dat 'n afskrif van die kennisgewing van die raadsvergadering tesame met die agenda aan iedere raadslid gestuur is soos bepaal in artikel 3.

Bespreking van notule.

10. Geen mosie of bespreking word ten opsigte van die notule, behalwe in verband met die juistheid daarvan, toegelaat nie.

DIE VERSLAE VAN KOMITEES.

Wyse waarop verslag gedoen moet word.

11. Die verslae van komitees aan die Raad moet gedruk of getik word (uitgenome enige verslag wat 'n komitee as 'n dringende verslag na vore bring, en die voorsitter van die Raad moet besluit of dit dringend is) en moet elke saak waarvoor verslag gedoen word in 'n afsonderlike artikel behandel, wat genommer moet word. Die komitee moet ten opsigte van elke saak waarvoor verslag gedoen word (uitgenome 'n saak waarvoor daar alleen vir die inligting van die Raad verslag gedoen word) 'n bepaalde aanbeveling aan die Raad doen oor wat die Raad se beslissing in verband met die saak behoort te wees, en die Raad mag nie 'n komitee se verslag oor 'n saak (uitgenome in die geval van 'n saak waarvoor daar alleen vir die inligting van die Raad verslag gedoen word) ontvang tensy sodanige aanbeveling aan die verslag toegevoeg is nie.

that such report is to be submitted to the Council and states briefly the matter it will deal with. In addition there shall be annexed to such notice copies of all notices of motion to be dealt with at the meeting.

Business of Council Confined to Agenda.

4. Except for urgency reports of a committee, and except for unopposed motions of a formal nature involving no expenditure, no business shall be transacted at any meeting of the Council other than that included in the agenda of a Council meeting notice of which has been served on the councillors.

Limits of the Agenda.

5. No matters other than committee reports and notices of motion shall appear on the agenda of a Council meeting.

Attendance Book.

6. Every member of the Council attending a meeting of the Council shall sign his name in the attendance book kept for the purpose.

BUSINESS OF COUNCIL MEETINGS.

Order of Business.

7. (1) The order of business of every ordinary meeting of the Council shall be as follows:—

- (a) Confirmation of minutes of previous ordinary meeting, and special meetings, if any.
- (b) Reports and supplementary reports of committees in alphabetical order of the names of the committees.
- (c) Notices of motion in the order in which they are received by the town clerk.

(2) The sections of the reports of committees shall be dealt with *seriatim*. The report shall be dealt with first and thereafter any supplementary report(s) in the sequence in which they are annexed to the agenda.

(3) Notwithstanding anything in this section contained the Council may, in its discretion, bring forward any business which is on the agenda paper at any stage.

MINUTES.

Confirmation and Signature.

8. The minutes of the proceedings of every meeting of the Council shall, if correct, be confirmed, at the next succeeding ordinary meeting of the Council and signature of the minutes by the chairman shall take place immediately after the said meeting.

9. The minutes shall be taken as read with a view to confirmation if all the councillors present have confirmed that a copy of the notice of the Council meeting together with the agenda has been served upon each councillor as provided in section 3.

Discussion of Minutes.

10. No motion or discussion shall be allowed on minutes except as to their accuracy.

REPORTS OF COMMITTEES.

Manner of Reporting.

11. The reports of committees to the Council shall be printed or stencilled (except as to any report which a committee may bring up as a matter of urgency, of which urgency the chairman of the Council shall be the judge) and shall deal with each matter reported in a separate section which shall be numbered. In respect of each matter reported on (except a matter reported purely for the information of the Council) the committee shall make a definite recommendation to the Council as to what the Council's decision should be with regard to the matter; and the Council shall not receive a committee's report on a matter (save in the case of a matter reported purely for the information of the Council) unless such recommendation shall be appended to the report.

Voorstel van verslag.

12. (1) Die verslag van 'n komitee moet deur die voorsitter na vore gebring word, of indien hy afwesig is, deur 'n lid van die komitee wat vir dié doel verkies is deur 'n meerderheid van die lede van die komitee wat by die raadsvergadering aanwesig is. Indien geen lid van die komitee by die raadsvergadering aanwesig is nie, moet die Raad een van sy lede kies om die verslag van die komitee na vore te bring.

(2) Die lid wat die verslag na vore bring, moet voorstel: „dat die verslag ontvang word”. Nadat die verslag behandel is, moet hy voorstel: „dat die verslag, soos gewysig (indien 'n aanbeveling gewysig, afgekeur of terugverwys is), aangeneem word”. Daar mag geen bespreking oor hierdie mosies plaasvind nie.

(3) Indien die Raad die aanbeveling aanvaar, word dit onverwyld 'n besluit van die Raad.

Daar word geag dat die aanbevelings deur die voorsitter voorgestel word.

13. Daar word geag dat die voorsitter van 'n komitee of ander lid wat 'n verslag na vore bring elke aanbeveling voorstel wat in die verslag vervat is tensy hy wanneer hy voorstel „dat die verslag ontvang word” sê waar hy verskil met die aanbeveling.

Verslae kan ingetrek of gewysig word.

14. Die voorsitter van 'n komitee of ander lid wat 'n verslag na vore bring, kan met die toestemming van die Raad, wat sonder enige debat verleen moet word, enige artikel van die verslag intrek of wysig.

Afgeleide voorstelle mag nie voorgestel word nie.

15. Daar mag nie 'n besluit oor 'n paragraaf van 'n verslag van 'n komitee of oor 'n afgeleide voorstel van 'n paragraaf van die verslag, geneem word nie.

Voorstelle wat uitgawe meebring, moet na die komitee verwys word.

16. 'n Mosie (uitgenome 'n aanbeveling van 'n komitee ten opsigte waarvan die verslag van die Finansiëskomitee voor die Raad is), wat finansiële implikasies vir die Raad inhou, moet in die vorm wees van 'n verwysing na 'n komitee wat die saak moet oorweeg.

Aanstelling van personeel.

17. 'n Verslag van 'n komitee aangaande die aanstelling van 'n amptenaar moet, tensy slegs een aansoek ontvang is, die name van twee kandidate bevat waaruit die Raad die keuse moet doen nadat die komitee sy aanbeveling gedoen het: Met dien verstande dat geen bepaling in hierdie artikel vervat die Raad belet om die verslae van die komitee na hom terug te verwys vir verdere oorweging nie.

VERSOEKSKRIFTE EN AFVAARDIGINGS.

Versoekskrifte.

18. 'n Raadslid kan 'n versoekskrif indien, maar mag nie 'n toespraak of kommentaar lewer wanneer die versoekskrif ingedien word nie, en so 'n versoekskrif moet verwys word na die komitee binne wie se bestek die saak val.

Afvaardigings.

19. (1) Afvaardigings wat begeer dat die Raad hulle te woord moet staan, moet versoek word om eers 'n skriftelike memorandum in te dien, wat die stadsklerk aan die betrokke komitee moet voorlê wat gemagtig is, om na goeiddunke, die afvaardiging te woord te staan en die sake wat hulle aanroer, ingevolge die komitee se gewone opdragte te behandel. Die Raad self mag nie die afvaardiging te woord staan nie.

(2) 'n Afvaardiging moet uit hoogstens tien lede bestaan en slegs twee lede daarvan mag die Raad toesprek, behalwe wanneer vrae van raadslede beantwoord word, en die komitee mag die saak nie verder behandel voordat die afvaardiging vertrek het nie.

Moving of Report.

12. (1) The report of a committee shall be brought up by the chairman, or, in his absence, by a member of the committee elected for the purpose by the majority of the members of the committee present at the meeting of the Council. If there be no member of the committee present at the meeting of the Council, the Council shall elect one of its members to bring up the report of the committee.

(2) The member bringing up a report shall move: "That the report be received". After the report has been dealt with he shall move: "That the report as amended (if any recommendation were amended, negatived or referred back), be adopted". There shall be no discussion on these motions.

(3) If the Council agrees with a recommendation, the same shall forthwith become a resolution of the Council.

Presumption that Recommendations are Moved by Chairman.

13. The chairman of a committee or other member bringing up a report shall be deemed to move each recommendation contained in the report, unless he shall upon moving "that the report be received" state his disagreement with the recommendation.

Withdrawal or Amendment of Reports.

14. The chairman of a committee or other member bringing up a report may withdraw or amend any section of the report with the consent of the Council, which consent shall be signified without debate.

No Abstract Resolution to be Moved.

15. It shall not be in order to pass a resolution on any paragraph of a report of any committee, or on an abstract resolution of a paragraph of the report.

Reference to a Committee of Proposals Affecting Finances.

16. Any motion (other than a recommendation of a committee in respect whereof there is before the Council the report of the Finance Committee) which has financial implications for the Council must take the form of a reference to committee for consideration.

Appointment of Staff.

17. A report from a committee in regard to the appointment of an official shall, unless only one application was received, contain the names of two candidates from which the Council shall make the selection, the committee having made its recommendation: Provided that nothing in this section contained shall prevent the Council from referring the reports of the committee back to it for further consideration.

PETITIONS AND DEPUTATIONS.

Petitions.

18. A petition may be presented by any member of the Council, but the presentation of a petition shall not be accompanied by any speech or comment by the said member, and any such petition shall be referred to the committee within whose reference the matter lies.

Deputations.

19. (1) Deputations wishing to be received by the Council shall be requested, in the first instance, to send in a memorandum in writing, and the town clerk shall bring the memorandum before the committee concerned, which shall be authorized, if it sees fit, to receive the deputation and deal with the matters raised by it in the normal course of its terms of reference. A deputation shall not be received by the Council itself.

(2) A deputation shall not exceed ten in number and only two members thereof shall be at liberty to address the Council, except in reply to questions from members of the Council and the matter shall not be further considered by the committee until the deputation has withdrawn.

MOSIES WAARVAN KENNIS GEGEE IS.**Wyse waarop kennisgewing geskied.**

20. Daar moet skriftelik kennis gegee word van elke mosie en die raadslid wat kennis gee, moet die kennisgewing onderteken. Dit moet by die stadsklerk ingedien word. Elke mosie waarvan daar kennis gegee is, moet op 'n saak in verband met die administrasie of toestande in die munisipaliteit betrekking hê.

Volgorde van verslag van kennisgewings van mosie.

21. (1) Die stadsklerk moet alle kennisgewings van mosie wat ontvang word, dateer en hy moet hulle op die agenda plaas in die volgorde waarin hy hulle ontvang en afskrifte daarvan aan die kennisgewing van die vergadering heg.

(2) 'n Kennisgewing van mosie wat deur die stadsklerk na een uur in die middag wat die dag vir uitreiking van die kennisgewing van 'n vergadering voorafgaan ontvang is, mag nie op die agenda vir so 'n vergadering geplaas word nie.

Die getal mosies word beperk.

22. Geen lid mag gelyktydig meer as twee mosies waarvan hy kennis gegee het, op die agenda hê nie.

Mosie ter herroeping.

23. (1) Geen mosie ter herroeping van 'n besluit wat gedurende die voorafgaande drie maande geneem is, of 'n mosie van dieselfde strekking as een wat binne die voorafgaande drie maande verwerp is, mag aan die orde gestel word nie, tensy daar kennis van gegee is en dit in die kennisgewing van die raadsvergadering vermeld word, en die kennisgewing van die mosie deur drie raadslede, benewens die voorsteller van die mosie, onderteken is. Nadat die Raad so 'n mosie afgehandel het, mag geen raadslid weer 'n soortgelyke mosie binne drie maande indien nie.

(2) Subartikel (1) is nie van toepassing op mosies wat die voorsitter of 'n ander lid van 'n komitee wat 'n verslag van 'n komitee indien, in die vorm van aanbevelings van 'n komitee voorstel nie.

Onreëlmatige mosies waarvan kennis gegee is.

24. Die voorsitter moet enige mosie waarvan kennis gegee is verwerp indien dit strydig is met die wet of indien die inhoud daarvan reeds in die agenda vervat is.

DEBATTE.

Lede moet geen hoofbedekking dra nie en moet staan en praat.

25. (1) Niemand wat by 'n sitting van die Raad aanwesig is, mag, uitgenome waar geloofsoortuigings andersins aandui, gedurende die tyd wanneer die vergadering met 'n gebed geopen word, 'n hoed of ander soort hoofbedekking dra nie: Met dien verstande dat vrouelede wat aanwesig is, en hulle togas aan het, sodanige amptelike hoed wat deur die Raad verskaf word, kan dra.

(2) Lede moet staan terwyl hulle praat en moet die voorsitter aanspreek.

Die voorsitter geniet voorrang.

26. Indien die voorsitter gedurende 'n debat opstaan, moet enige lid wat aan die woord is of wil praat, gaan sit, en die Raad moet die swye bewaar sodat die voorsitter ongehinderd aangehoor kan word.

Duur van toesprake.

27. Geen toespraak mag langer as tien minute duur nie; met dien verstande dat 'n raadslid met die toestemming van die Raad vir verdere tydperke van vyf minute kan voortgaan.

Getal toesprake.

28. Geen lid mag die Raad meer as een keer oor 'n mosie of amendement toespreek nie. Die voorsteller van 'n oorspronklike mosie mag egter repliek lewer, maar hy moet hom stiptelik by 'n antwoord aan vorige sprekers bepaal, en mag nie nuwe sake te berde bring nie. Die voorsteller van 'n amendement wat, nadat dit aanvaar is, die substantiewe mosie word, mag nie repliek lewer nie. 'n Lid wat 'n amendement gesekondeer het deur te sê: „Ek sekondeer die mosie” word toegelaat om later daarvoor te praat.

NOTICES OF MOTION.**Form of Giving Notice of Motion.**

20. Every notice of motion shall be in writing signed by the member giving the notice. It shall be given to the town clerk. Every notice of motion shall be relevant to some question affecting the administration or condition of the municipality.

Order and Report of Notices of Motion.

21. (1) The town clerk shall date stamp all notices of motion received and shall enter them on the agenda paper in the date order received, annexing copies of them to the summons for the meeting.

(2) A notice of motion received by the town clerk after one o'clock in the afternoon preceding the usual day for issuing the notice of any meeting shall not be specified in the agenda for such meeting.

Limitation of Notices.

22. No member shall have more than two notices of motion on the agenda paper at the same time.

Motion to Rescind.

23. (1) No motion to rescind any resolution which has been passed within the preceding three months, nor any motion to the same effect as any motion which has been negatived within the preceding three months, shall be in order unless notice thereof has been given and specified in the Council meeting summons, and the notice shall bear, in addition to the name of the member who proposes the motion, the names of three other members, and when any such motion has been disposed of by the Council it shall not be competent for any councillor to propose a similar motion within a further period of three months.

(2) Sub-section (1) shall not apply to motions which are moved by the chairman or other member of a committee, bringing up a report of a committee, and which motions are in the form of recommendations by a committee.

Irregular Notices of Motion.

24. The chairman shall disallow any notice of motion which is contrary to law or where the subject matter thereof is already dealt with in the agenda.

CONDUCT OF DEBATE.**Members not to Wear Head Covering and to Stand Whilst Speaking.**

25. (1) No person present at any sitting of the Council shall, except where religious convictions indicate otherwise during the time when the meeting is opened with prayer wear a hat or other head covering: Provided that women members present may, when gowned, wear such councillor's hat as may be supplied by the Council.

(2) Members shall stand when speaking and address the chairman.

Precedence of Chairman.

26. Whenever the chairman speaks during a debate any member then speaking, or offering to speak, is to sit down and the Council is to be silent, so that the chairman may be heard without interruption.

Length of Speeches.

27. No speech shall exceed ten minutes in length: Provided that, with the consent of the Council, a member may speak for further periods of five minutes.

Number of Speeches.

28. No member shall address the Council more than once on any motion or amendment. The mover of an original motion shall have a right to reply, but he shall strictly confine himself to answering previous speakers and shall not introduce any new matter into the debate. The right of reply shall not extend to the mover of an amendment which, having been carried, has become a substantive motion. A member who has seconded an amendment by stating "I second the motion" shall be permitted afterwards to speak upon it.

Punt van orde en persoonlike verduideliking.

29. 'n Lid, of hy nou al oor die saak onder bespreking gepraat het al dan nie, kan opstaan om 'n punt van orde te stel of iets te verduidelik, maar sy verduideliking moet uitsluitlik handel oor die wesenlike inhoud van 'n vorige toespraak van hom wat moontlik verkeerd verstaan is. 'n Lid wat aldus op staan, moet dadelik aan die orde gestel word.

Terugtrekking van 'n mosie of 'n amendement.

30. 'n Voorsteller kan 'n mosie of 'n amendement met die toestemming van die Raad terugtrek. Die toestemming moet sonder bespreking verleen of geweier word, en geen lid mag daaroor praat nadat die voorsteller toestemming gevra het om dit terug te trek nie, tensy dié toestemming geweier is.

Die voorsitter se beslissing oor punte en orde.

31. Die beslissing van die voorsitter oor 'n punt van orde, of oor die toelaatbaarheid van 'n persoonlike verduideliking, is finaal en mag nie bespreek word nie.

ORDE VAN DIE DEBAT.

Mosies wat ingedien kan word.

32. (1) Wanneer 'n mosie in die vorm van 'n amendement van 'n komitee by 'n vergadering van die Raad bespreek word, mag geen ander mosies, uitgenome die volgende, ingedien word nie—

- (a) om die mosie te wysig;
- (b) dat die saak nou tot stemming gebring word;
- (c) dat die item terugverwys word na die komitee sodat dit verder oorweeg kan word.

(2) Wanneer 'n mosie in die vorm van 'n kennisgewing van mosie by 'n vergadering van die Raad bespreek word, mag geen ander mosies, uitgenome die volgende ingedien word nie—

- (a) om die mosie te wysig;
- (b) dat oorweging van die saak 'n bepaalde of 'n onbepaalde tyd uitgestel word;
- (c) dat die saak nou tot stemming gebring word;
- (d) dat die Raad nou tot die volgende werksaamheid oorgaan;
- (e) dat die item terugverwys word na die komitee sodat dit verder oorweeg kan word.

Met dien verstande dat 'n tweede mosie ooreenkomstig subartikel (1) of (2), behalwe 'n mosie om te wysig, nie binne 'n halfuur na 'n soortgelyke mosie oor dieselfde saak ingedien mag word nie, tensy die omstandighede aan die vraag verbonde, na die mening van die voorsitter, ingrypender verander het.

Wanneer 'n mosie voorgestel moet word.

33. 'n Lid van die Raad kan by die beëindiging van 'n toespraak enige van bogenoemde mosies voorstel.

Die mosie moet gesekondeer word.

34. So 'n mosie wat nie gesekondeer word nie, verval.

Bespreking van mosie.

35. (1) Uitgenome oor 'n mosie dat die saak nou tot stemming gebring word, wat sonder debat voorgestel word, kan die voorsteller van een van bovermelde mosies hoogstens vyf minute lank praat, maar die sekondant mag nie daaroor praat nie behalwe om te sê: „Ek sekondeer die mosie”.

(2) Die bepalings van subartikel (1) is nie van toepassing nie ten opsigte van die mosies genoem in paragrawe (a) en (c) van subartikel (1), en paragrawe (a) en (e) van subartikel (2) van artikel 32. Ten opsigte van die mosies onder hierdie paragrawe genoem, is die bepalings van artikel 27 aangaande die duur van toesprake van toepassing en die sekondant is geregtig om te praat.

Die voorsteller van die oorspronklike mosie kan praat.

36. Wanneer een van die mosies in artikel 32 genoem, voorgestel word, kan die voorsteller van die saak onder bespreking (met voorbehoud van sy reg om uiteindelik repliek te lewer indien die mosie verwerp word) vyf minute lank repliek lewer, waarna daar sonder verdere bespreking oor die saak gestem moet word.

Questions of Order and Personal Explanation.

29. A member, whether he has spoken on the matter under discussion or not, may rise to a point of order or in explanation, but such explanation shall be confined to some material part of his former speech which may have been misunderstood. A member so rising shall be entitled to be heard forthwith.

Withdrawal of Motion or Amendment.

30. A motion or an amendment may be withdrawn by the mover with the consent of the Council, which shall be signified without debate, and it shall not be competent for any member to speak upon it after the mover has asked permission for its withdrawal, unless such permission has been refused.

Chairman's Ruling on Questions of Order.

31. The ruling of the chairman on a point of order, or on the admissibility of a personal explanation, shall be final and shall not be open to discussion.

ORDER OF DEBATE.

Motions which may be Received.

32. (1) When a motion in the form of an amendment from a committee is under debate at any meeting of the Council no further motions shall be received except the following—

- (a) to amend the motion;
- (b) that the question be now put;
- (c) that the item be referred back to the committee for further consideration.

(2) When a motion in the form of a notice of motion is under debate at any meeting of the Council no further motion shall be received except the following—

- (a) to amend the motion;
- (b) that consideration of the question be postponed to any stated date or *sine die*;
- (c) that the question be now put;
- (d) that the Council do proceed to the next business;
- (e) that the item be referred back to the committee for consideration.

Provided that a second motion in terms of sub-section (1) or (2), except a motion to amend, shall not be moved within half an hour of a similar motion under the same item unless, in the opinion of the chairman, the circumstances of the question are materially altered.

Time to Move.

33. A member of the Council may at the conclusion of any speech move any of the foregoing motions.

Motion shall be Seconded.

34. Any such motion which is not seconded shall drop.

Speeches Thereon.

35. (1) Except on a motion that the question be now put, which shall be moved without a debate, the mover of one of the foregoing motions may speak for not more than five minutes, but the seconder shall not be permitted to speak other than to state, "I second the motion".

(2) The provisions of sub-section (1) shall not apply in respect of the motions listed in paragraph (a) and (c) of sub-section (1), and paragraphs (a) and (e) of sub-section (2) of section 32. In respect of the motions listed under these paragraphs the provisions of section 27 in regard to length of speeches shall apply and the seconder shall be entitled to speak.

Mover of Original Motion may be Heard.

36. Upon one of the motions listed in section 32 being made, the mover of the question under debate may (without prejudice to his ultimate right of reply if the motion be not carried) be heard in reply for five minutes, after which the motion shall be put without further debate.

Indien die mosie aanvaar word.

37. (1) Indien 'n mosie om oorweging van die saak tot op 'n bepaalde tyd uit te stel, aangeneem word, moet die mosie eerste geplaas word op die lys van mosies vir die dag waarop dit uitgestel is.

(2) Indien 'n mosie om die saak onmiddellik tot stemming te bring aangeneem word, moet die mosie of amendement, onder bespreking, onmiddellik tot stemming gebring word.

(3) Indien 'n mosie dat die Raad tot die volgende werksaamheid oorgaan, aangeneem word, word daar beskou dat daar van die saak onder behandeling afgestap is.

(4) Indien 'n mosie dat die item verwys of terugverwys word na 'n komitee vir oorweging of verdere oorweging, aangeneem word, moet dit debat oor die saak onverwyld gestaak word, en die Raad moet tot die volgende saak oorgaan.

*WYSIGING VAN MOSIE.**Amendemente moet ter sake wees.*

38. Elke amendement moet betrekking hê op die mosie ten opsigte waarvan dit voorgestel word.

Amendemente moet gesekondeer word.

39. Die Raad mag 'n amendement nie bspreek of daaroor stem voordat dit gesekondeer is nie. Die voorsteller van 'n amendement kan sy sekondant benoem, maar indien benoemde sekondant weier om die amendement te sekondeer, kan 'n ander lid dit doen.

Verdere amendemente.

40. Nadat 'n amendement op 'n oorspronklike mosie voorgestel en gesekondeer is, mag daar nie 'n tweede of 'n volgende amendement voorgestel word voordat die eerste amendement afgehandel is nie. Indien 'n amendement goedgekeur word, vervang die mosie, soos gewysig, die oorspronklike mosie en alle verdere amendemente moet op die geamendeerde mosie voorgestel word.

'n Lid mag slegs een amendement voorstel.

41. Geen lid mag meer as een amendement op 'n mosie voorstel nie, en amendemente moet betrekking hê op mosies soos geamendeer en nie op amendemente nie.

Mosies wat verordeninge of wetgewing raak.

42. 'n Mosie (uitgenome 'n aanbeveling van die betrokke komitee) wat die opstel of wysiging van verordeninge of wette raak (behalwe in die geval van mondelinge amendemente wat die voorsitter van die betrokke komitee aanneem) moet, voordat die Raad finaal daaroor stem, aan die komitee voorgelê word, binne wie se bestek die saak val.

*VERDAGING VAN DIE RAADSVERGADERING.**Mosie om te verdaag.*

43. Ondanks enige bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan 'n lid, na die beëindiging van 'n toespraak, voorstel dat die Raad verdaag, behoudens onderstaande reëls:—

- (1) Die voorsteller van 'n mosie dat die vergadering verdaag, mag nie oor so 'n mosie praat nie behalwe om kortliks binne 'n tydperk van hoogstens twee minute te meld waarom die verdaging begeer word.
- (2) Die Raad mag nie die mosie bspreek of daaroor stem voordat dit gesekondeer is nie. Die sekondant mag nie oor die die mosie praat nie behalwe om te sê: „Ek sekondeer die mosie”. Indien die mosie nie gesekondeer word nie, vervel dit en is sub-artikels (4) en (5) van toepassing.
- (3) Daar mag geen debat oor die mosie plaasvind nie.
- (4) Indien 'n mosie ter verdaging van die Raad vervel terwyl 'n sekere punt onder bespreking is, mag geen verdere mosie ter verdaging van die Raad ontvang word terwyl die onderhawige punt onder bespreking is nie.
- (5) Indien 'n mosie ter verdaging van die Raad vervel, mag geen verdere mosie ter verdaging van die Raad binne 'n halfuur daarna ontvang word nie.

Effect of Motions.

37. (1) If a motion that consideration of the question be postponed to a stated date be carried, the motion shall be placed first on the list of motions for the day to which it had been postponed.

(2) If a motion that the question be now put be carried, the motion or amendment under debate shall be at once put.

(3) If a motion be carried that the Council do proceed to the next business, the question under discussion shall be considered as dropped.

(4) If a motion be carried that the item be referred or referred back to a committee for consideration or further consideration, the debate on the matter shall end forthwith, and the Council shall proceed to the next business.

*AMENDMENT OF MOTION.**Amendments to be Relevant.*

38. Every amendment shall be relevant to the motion on which it is moved.

Amendment to be Seconded.

39. No amendment shall be discussed or put to the Council until it is seconded. The mover of an amendment shall have the right to nominate his seconder, but should the nominated seconder refuse to second the amendment, another member shall be free to do so.

Amendments after the First.

40. Whenever an amendment upon an original motion has been moved and seconded, no second or subsequent amendment shall be moved until the first amendment shall be disposed of. If an amendment be carried, the motion as amended shall take the place of the original motion and shall become the question upon which any further amendment may be moved.

Member may Move only One Amendment.

41. No member shall be at liberty to move more than one amendment upon any motion, and amendments shall be with reference to motions or motions as amended and not with reference to amendments.

Motions Affecting By-laws or Legislation.

42. Any motion (not being a recommendation of the committee concerned) affecting the drafting or amendment of by-laws or legislation (except in the case of verbal amendments accepted by the chairman of the committee concerned) shall, before the Council finally vote thereon, be referred to the committee within whose reference the matter lies.

*ADJOURNMENT OF THE COUNCIL.**Motion to Adjourn.*

43. Notwithstanding anything in these by-laws contained, a member shall be entitled on the conclusion of any speech to move the adjournment of the Council, subject to the following rules:—

- (1) The mover of a motion to adjourn the meeting shall not speak on such motion otherwise than to state briefly in not more than two minutes why the adjournment is desired.
- (2) The motion shall not be discussed or put to the Council until it has been seconded. The seconder shall not speak on the motion other than to state "I second the motion". If the motion fails to obtain a seconder it shall be a lost motion and sub-sections (4) and (5) shall apply.
- (3) There shall be no debate on the motion.
- (4) If a motion to adjourn the Council is lost when a particular item is under discussion, no further motion for the adjournment of the Council shall be received whilst the item in question is under discussion.
- (5) If a motion to adjourn the Council is lost, no further motion for the adjournment of the Council shall be received for half an hour thereafter.

Verdaging deur die voorsitter.

44. Die voorsitter kan te eniger tyd 'n raadsvergadering verdaag met die toestemming van die raadslede wat aanwesig is.

Verdaging oor saak van dringende openbare belang.

45. (1) 'n Raadslid wat wil voorstel dat die Raad verdaag met die doel om 'n saak van dringende openbare belang te bespreek, moet, voor die vergadering waarop die lid sodanige verdaging wil voorstel die onderwerp waaroor die bespreking sal gaan skriftelik aan die voorsitter van die Raad meedeel.

(2) Wanneer so 'n mosie voorgestel word, moet die voorsitter die inhoud daarvan aan die Raad voorleë, en die Raad moet, sonder bespreking, besluit of die mosie toegelaat moet word.

(3) Geen mosie ter verdaging van die Raad met die doel om 'n saak van dringende openbare belang te bespreek, word toegelaat ten opsigte van 'n saak wat op die agenda vir 'n vergadering waarop daar verlang word om so 'n mosie voor te stel, voorkom nie.

STEMMING.

Hoe stemming geskied.

46. Stemming geskied deur die opsteek van hande, uitgesonderd in die geval van verkiesings van 'n burgemeester of onderburgemeester of die aanstelling van lede van komitees, wanneer 'n geheime stemming moet plaasvind.

Aantekens van stemme.

47. Tensy die stemming eenparig is, moet die stads-klerk die stemme tel en die name vermeld van die raadslede wat vir of teen die mosie stem, en sodanige stemming word dan in die notule aangeteken.

OPSKORTING VAN DIE REGLEMENT VAN ORDE.

Bevoegdheid om op te skort.

48. Geen Reglement van Orde mag opgeskort word behalwe op aanbeveling van 'n komitee dat dit met 'n spesifieke doel wat in die aanbeveling vermeld moet word, opgeskort word. Opskorting moet slegs met dié doel geskied.

KOMITEES.

Moet jaarliks benoem word.

49. Op die eerste vergadering van die Raad wat na 'n algemene of jaarlikse verkiesing gehou word en jaarliks daarna in die geval van 'n algemene verkiesing, moet die Raad sy vaste komitees benoem. Die Raad kan te eniger tyd addisionele komitees benoem.

Hoe benoeming geskied.

50. (1) So spoedig moontlik na 'n algemene of jaarlikse verkiesing, en jaarliks daarna in die geval van 'n algemene verkiesing, moet die stads-klerk elke lid van die Raad om 'n verklaring vra aangaande die volgorde van die komitees waarin hy graag wil dien.

(2) Indien die aansoeke om lidmaatskap van enige komitee die maksimum getal vakatures daarin oorskry, moet die Raad per geslote stembrieffies stem oor die name van die lede wat aansoek gedoen het en die vakatures moet aangevul word deur die lede wat die meeste stemme kry.

(3) Indien die aansoeke ten opsigte van 'n komitee nie die maksimum vakatures daarin oorskry nie, moet die Raad per geslote stembrieffies afsonderlik stem oor die naam van elke raadslid wat aansoek gedoen het en so 'n lid word slegs verkies indien hy die meerderheidstem van die aanwesige lede kry.

(4) Indien die getal lede wat in 'n komitee benoem is, nadat al die lede van die Raad 'n plek in een of ander komitee gekry het, minder as die minimum is wat vir so 'n komitee vasgestel is, moet die Raad per geslote stembrieffies genoeg lede benoem om die minimum getal vol te maak.

Ampstermyn.

51. Elke vaste komitee beklee sy amp tot die eerste vergadering van sy opvolger.

Lede moet net een lid vir elke komitee nomineer.

52. Geen raadslid mag meer as een lid vir 'n komitee nomineer nie.

Adjournment by the Chairman.

44. The chairman may at any time adjourn a meeting of the Council with the consent of the councillors present.

Adjournment on a Matter of Urgent Public Importance.

45. (1) Any member of the Council wishing to move the adjournment of the Council for the purpose of discussing a matter of urgent public importance shall deliver to the chairman of the Council, before the commencement of the meeting where such member wishes to move such adjournment, a written statement of the subject to be discussed.

(2) Upon such motion being moved the chairman shall submit the subject matter thereof to the Council, and the Council shall, without debate, decide whether the motion shall be allowed.

(3) No motion for the adjournment of the Council for the purpose of discussing a matter of urgent public importance shall be allowed in respect of any matter on the agenda for the meeting where it is desired to move such motion.

VOTING.

Manner of Voting.

46. Voting shall be by show of hands, except in the election of a mayor or deputy-mayor or the appointment of members of committees where the voting shall be by secret ballot.

Recording of Votes.

47. Unless the voting is unanimous the town clerk shall count the votes and mention the names of the councillors voting for and the councillors voting against the motion, and such voting shall be recorded in the minutes.

SUSPENSION OF STANDING ORDERS.

Power to Suspend.

48. No standing order shall be suspended except on the recommendation of a committee that it be suspended for a specific purpose which shall be stated in the recommendation. Suspension shall only be for such purpose.

COMMITTEES.

To be Appointed Annually.

49. At the first meeting of the Council held after any general or annual election and annually thereafter in the case of a general election, the Council shall appoint its standing committees. The Council may at any time appoint additional committees.

Manner of Appointment.

50. (1) As soon as possible after a general or annual election, and annually thereafter in the case of a general election, the town clerk shall ask each member of the Council for a statement of order of preference of the committees on which he would like to serve.

(2) If the applications for membership of any committee exceed the maximum number of vacancies thereon, the names of members applying shall be submitted to ballot by the Council, and the vacancies shall be filled by the members receiving the most votes.

(3) If the applications for any committee do not exceed the maximum number of vacancies thereon, the name of each member of the Council, applying shall be separately submitted to ballot, and such member shall be elected only if he receives a majority of votes in his favour from the members present.

(4) If, after all members of the Council have been provided with a place on some committee, the number of members appointed to any committee is less than the minimum ordered for that committee, the Council shall appoint, by ballot, enough members to make up the required minimum.

Period of Office.

51. Every standing committee shall hold office until the first meeting of its successor.

Members to Nominate Only One Member for Each Committee.

52. No member of the Council shall have the right to nominate more than one member for any committee.

Opdragte aan komitees.

53. Die Raad kan te eniger tyd 'n opdrag aan 'n komitee intrek, uitbrei of wysig en 'n opdrag van een komitee aan 'n ander oordra.

Verkiesing van voorsitter.

54. Onmiddellik na die raadsvergadering wat belê is vir die benoeming van die Raad se vaste komitees, moet die vaste komitees wat benoem is byeenkom met die doel om hulle voorsitter te kies. Die verkiesing van 'n voorsitter is die eerste werksaamheid van elke komitee en tot tyd en wyl hy verkies is, moet die burgemeester die voorsitterstoel by 'n komiteevergadering inneem. Hy het egter geen beslissende stem terwyl hy aldus die voorsitterstoel inneem nie.

Bedanking as lid van 'n komitee.

55. 'n Lid van 'n komitee kan as lid van 'n komitee bedank deur 'n skriftelike kennisgewing wat hy self onderteken het, aan die stadsklerk te besorg.

Die uitwerking van 'n vakature.

56. Indien daar 'n vakature of vakatures in 'n komitee bestaan, raak dit nie die geldigheid van sy optrede of verrigtings nie.

Aanvul van vakatures.

57. (1) Die komitee moet elke vakature wat daarin ontstaan, op die eerste raadsvergadering wat volg op die komiteevergadering waarby daar kennis van sodanige vakature gegee is, by die Raad aanmeld. Die vakature kan aangevul word deur enige ander lid van die Raad wat op die raadsvergadering benoem word.

(2) Indien 'n komitee ten gevolge van 'n gebrek aan 'n kworum of andersins, versuim om 'n vakature by die Raad aan te meld, soos bepaal in subartikel (1), moet die stadsklerk die Raad van sodanige vakature in kennis stel en die Raad kan dit aanvul soos bepaal in subartikel (1).

Komiteeledede wat omruil.

58. Indien twee lede van verskillende komitees instem om plekke te ruil, moet hulle die stadsklerk daarvan verwittig en die komitees moet die saak by die Raad aanmeld by die eerste vergadering wat volg op die komiteevergaderings waarby daar kennis van sodanige instemming om plekke te ruil gegee is. Indien die Raad die omruiling goedkeur, word dit onmiddellik van krag.

Aanvul van vakatures in komitees wanneer verlof tot afwesigheid aan lede toegestaan is.

59. Indien daar aan 'n raadslid verlof toegestaan is om van die raads- en komiteevergaderings afwesig te wees, kan die Raad 'n ander lid benoem om gedurende die verloftydperk in die plek van die afwesige lid op te tree in enige komitee van die Raad waarin hy benoem is.

Komiteevergaderings mag nie met Raadsvergaderings bots nie.

60. Geen komitee mag sonder die toestemming van die Raad tydens raadsvergaderings werksaamhede begin of ahandel nie.

Komitees moet een maal elke maand byeenkom.

61. Elke vaste komitee moet minstens een maal in elke maand van die jaar byeenkom. Indien 'n komitee versuim om dit te doen, moet die stadsklerk die omstandighede aan die Raad rapporteer.

Byeenroep van komiteevergaderings.

62. Daar moet minstens 24 uur voordat 'n vergadering van 'n komitee plaasvind, 'n kennisgewing van die tyd en plek van sodanige vergadering aan elke komiteelid besorg word, hetsy persoonlik of deur dit by sy gewone woon- of besigheidsplek af te lewer. Aan sodanige kennisgewing moet 'n agenda wat die werksaamhede van die vergadering opsom, geheg of toegevoeg word; voorts moet daar aan sodanige kennisgewing afskrifte van al die toepaslike verslae geheg word. Indien daar toevallig geen kennisgewing soos in hierdie artikel genoem, aan 'n raadslid besorg word nie, doen dit geensins afbreuk aan die geldigheid van 'n komiteevergadering nie.

References to Committees.

53. The Council may at any time withdraw, extend or modify any reference to a committee and transfer any reference from one committee to another.

Election of Chairmen.

54. Immediately after the Council meeting convened for the appointment of the Council's standing committees, the standing committees appointed shall meet for the purpose of electing their chairmen. The election of a chairman shall be the first business of each committee, and until such election the mayor shall preside at the committee meeting. He shall, however, have no casting vote while thus presiding.

Resignation of Seat on Committee.

55. Any member of a committee may resign his seat on the committee by a notice in writing, signed by him and sent to the town clerk.

Effect of Vacancy.

56. The existence of a vacancy or vacancies upon a committee shall not affect the validity of its acts or proceedings.

Filling up Vacancies.

57. (1) Every vacancy in a committee shall be notified by the committee to the Council at its first meeting after the meeting of the committee at which such vacancy was notified. The vacancy may be filled up by any other member of the Council appointed at the Council meeting.

(2) Should a committee fail through lack of a quorum or otherwise to notify a vacancy to the Council as provided in sub-section (1), the town clerk shall notify the Council of such vacancy and the council may fill the same as provided in sub-section (1).

Members Changing from One Committee to Another.

58. When two members on different committees agree to exchange from one committee to another they shall notify the town clerk and the matter shall be reported by the committees to the Council at its next meeting after the meetings of the committees, at which such agreement to exchange was notified. If the Council agree to the exchange the same shall take effect forthwith.

Filling of Vacancies on Committees when Members have been Granted Leave of Absence.

59. When any member of the Council is granted leave of absence from the meetings of the Council and committees, the Council may appoint another member to act, during the period for which leave is granted, in the place of such absent member on any committee of the Council, on which he had been appointed.

Committee Meetings not to Clash with Council Meetings.

60. No business shall be entered upon or transacted in any committee during the sitting of the Council, except by permission of the Council.

Committees to Meet Once Every Month.

61. Every standing committee shall meet at least once in each month of the year. If any committee shall fail to do so, the town clerk shall report the circumstances to the Council.

Summonses to Committee Meetings.

62. Notice of the time and place of every meeting of a committee shall be served on every committee member either personally or by leaving the same at his usual place of abode or place of business twenty-four hours at least before such meeting. Such notice shall have appended or annexed to it an agenda paper capitulating the business of the meeting, and there shall be further annexed to such notice copies of all relevant reports. The accidental omission to serve on any councillor such notice as is referred to in this section shall not affect the validity of any committee meeting.

Werkzaamhede tot agenda beperk.

63. Daar mag by 'n gewone komiteevergadering, met uitsondering van dringende sake (die voorsitter moet beslis of dit dringend is) slegs die sake in gehandeling geneem word wat in die agenda uiteengesit is en in verslae wat aan die kennisgewing van die vergadering geheg is, behandel word. Geen saak mag by 'n spesiale komiteevergadering behandel word tensy sodanige saak in die agenda vermeld is nie.

Raadslede wat nie lede van die komitee is nie, kan vergaderings bywoon.

64. Raadslede kan enige komiteevergadering bywoon. Die voorsitter van die komitee kan 'n lid wat die vergadering aldus bywoon, ook toelaat om te praat.

Opkomsregister.

65. Die stadsklerk moet 'n spesiale opkomsregister vir elke komitee hou en elke raadslid wat 'n vergadering bywoon moet sy naam daarin teken. 'n Raadslid wat 'n vergadering van 'n komitee waarvan hy nie 'n lid is nie, bywoon, moet die woorde „reglement van orde” agter sy naam in die opkomsregister inskrywe.

Notule.

66. Artikels 8, 9 en 10 is van toepassing op die notule van die komitees. Notule wat by 'n vergadering bekragtig moet word, moet aan raadslede minstens vier-en-twintig uur voor die aanvang van 'n vergadering gestuur word. Die bekragtiging van notule is die eerste werksaamheid van elke gewone vergadering van 'n komitee.

Maandverslae.

67. Elke vaste komitee moet een maal per maand by 'n gewone raadsvergadering verslag doen, uitgenome waar die komitee geen saak het om voor te lê wat die aandag van die Raad vereis nie.

Beraadslaging van komitees.

68. Twee of meer komitees kan by onderlinge ooreenkoms saam vergadering hou oor sake van gemeenskaplike belang.

Stemming en aantekene van stemme in komitees.

69. (1) Die stemming en aantekene van stemme in komitees geskied ooreenkomstig artikels 46 en 47, maar die stadsklerk hoef nie die name van raadslede wat vir of teen die mosie stem, te vermeld nie.

(2) Elke saak wat aan 'n komitee voorgelê word, moet beslis word deur die meerderheidstem van lede van die komitee wat aanwesig is en wat stem.

Burgemeester ampshalwe lid van die onderkomitee.

70. Die burgemeester is ampshalwe lid van 'n onderkomitee wat deur 'n komitee van die Raad aangestel word.

Die Raad in komitee.

71. (1) Die Raad kan in sy geheel in komitee gaan, maar geen saak wat daar bespreek word, mag dieselfde dag by die Raad aangemeld of by die raadsvergadering oor gestem word nie.

(2) Elke besluit van die Raad in komitee moet verwys word na die komitee binne wie se bestek die saak val. Die komitee moet verslag daaroor aan die Raad doen, en kan sodanige aanbevelings daaroor doen as wat hy goed ag.

(3) Die kworum van die Raad in komitee moet uit minstens die helfte van al die raadslede bestaan.

DIE STADSKLERK.

Die algemene pligte van die stadsklerk.

72. (1) Die stadsklerk moet al die ampspligte nakom en die werksaamhede verrig wat ingevolge wet, aan die stadsklerk opgedra is, en moet alle stappe doen wat hy nodig ag ten einde te sorg dat die Raad, sy komitees en sy afdelings die landswette, insluitende die wette van die parlement, die provinsiale ordonnansies, proklamasie en regulasies wat krag van wet het, die Raad se verordeninge en regulasies, en die bepalings van die Raad se dorpsaanlegskema nakom, en hy moet al die Raad se regs-aangeleenthede behartig of toesien dat dit behartig word. Hy moet die Raad en sy komitees adviseer oor regsake.

Business Confined to Agenda.

63. Except in matters of urgency, of which the chairman of the committee shall be the judge, no business shall be transacted at any ordinary meeting of the committee except as is set out in the agenda paper and is dealt with by reports annexed to the notice of the meeting. No business shall be transacted at a special meeting of the committee unless such business is mentioned in the agenda paper.

Attendance of Councillors Not on the Committee.

64. Members of the Council shall have the right of attending any meeting of any committee. The chairman of the committee may also permit a member so attending to speak.

Attendance Book.

65. The town clerk shall keep a special attendance book for each committee and every member of the Council attending shall sign his name therein. A member of the Council who attends a committee meeting of which he is not a member shall enter the words "standing orders" after his name in the attendance book.

Minutes.

66. Sections 8, 9 and 10 shall apply in regard to the minutes of committees. Minutes to be confirmed at a meeting shall be circulated to councillors at least twenty-four hours before the meeting. Confirmation of minutes shall be the first business of every ordinary meeting of a committee.

Monthly Reports.

67. Every standing committee shall report to every ordinary meeting of the Council once a month save where the committee has no matter to submit requiring the attention of the Council.

Conference of Committees.

68. Any two or more committees may confer together by mutual agreement in regard to any matter of joint interest.

Voting and Recording of Votes in Committees.

69. (1) The voting and recording of votes in committees shall be in accordance with sections 46 and 47, save that it shall not be necessary for the town clerk to mention the name of councillors voting for or against the motion.

(2) Every matter brought before a committee shall be decided by the majority of members of the committee present and voting.

Mayor ex officio Member of Sub-committee.

70. The mayor shall be *ex officio* a member of any sub-committee that a committee of the Council may appoint.

Committee of the Whole Council.

71. (1) The Council may resolve itself into a committee of the whole Council, but no business discussed thereat may be reported to or voted on by the Council the same day.

(2) Every resolution of the committee of the whole Council shall be referred to the committee within whose reference the matter lies. Such committee shall report thereon to the Council, and may make such recommendations thereon as it may think fit.

(3) The quorum of a committee of the whole Council shall not be less than one-half of the members of the whole Council.

THE TOWN CLERK.

General Duties of the Town Clerk.

72. (1) The town clerk shall exercise all functions and perform all duties imposed by law upon the town clerk, and shall take all steps he considers necessary to ensure the observance by the Council, its committees and its departments of the law of the land, including Acts of Parliament, provincial ordinances, proclamations and regulations having the force of law, the Council's by-laws and regulations and the provisions of the Council's town-planning schemes, and he shall transact or be responsible for transacting all the legal business of the Council. He shall be responsible for advising the Council and its committees on questions of law.

(2) Die stadsklerk of sy plaasvervanger is geregtig om te eniger tyd 'n gebou of perseel te betree waaroor die Raad beheer het, of waarvan die Raad die geregistreerde eienaar is, of waarop hy die eiendomsreg besit.

Verhouding tot komitees.

73. Die stadsklerk moet as klerk van die Raad en van sy komitees optree, en hy moet die Raad se sake ooreenkomstig die Reglement van Orde, die opdragte van die verskeie komitees, en die besluite van die Raad behartig. Hy is geregtig om by 'n komitee verslag te doen oor enige saak wat die komitee raak. Die stadsklerk of sy verteenwoordiger is geregtig om enige vergadering van die Raad, of van die Raad-in-komitee of van 'n komitee of onderkomitee van die Raad by te woon.

Verantwoordelik vir dokumente en stukke.

74. Behoudens soos bepaal by artikel 157 moet die stadsklerk die dokumente en stukke van die Raad bewaar en moet hy die korrespondensie van die Raad behartig, uitgenome dié gedeeltes van die dokumente of korrespondensie wat die Raad of die stadsklerk aan die sorg van 'n hoof van 'n ander afdeling toevertrou; en die stadsklerk moet enige korrespondensie wat na sy mening die aandag van 'n komitee verg, aan die komitee voorlê, of hy kan opdrag aan die hoof van die betrokke afdeling gee om sodanige korrespondensie, saam met sy verslag daaroor, aan die komitee voor te lê.

Status van die stadsklerk: algemeen.

75. Die stadsklerk is die hoofadministrasiebeampte van die Raad, en is as sodanig geregtig om in oorleg met die hoofde van die betrokke afdelings, stappe te doen wat hy ter koördinering van die werk van die Raad nodig ag. Hy kan ook, indien hy dit nodig of wenslik ag, ander maatreëls tref ten einde doeltreffendheid te bevorder, of die werk van die Raad te bespoedig, onderworpe daaraan dat hy, indien nodig, oorleg met die hoof van 'n ander afdeling moet pleeg, of die toestemming van die Raad of van die betrokke komitee moet verkry. Hy moet, sonder benadeling van die regte van die hoofde van afdelings, algemene gesag oor die hele personeel uitoefen. Hy moet die Raad in verband met huisvesting, die aanstelling, ontslag en algemene diensvoorwaardes van die personeel, van raad dien. 'n Komitee of onderkomitee van beamptes, of 'n ander liggaam wat die Raad saamstel met die doel om hom oor personeelaangeleenthede of belangrike beleidsake van raad te dien, se reg om enigeen van voorgaande sake te oorweeg en verslag daaroor te doen word geensins deur die bepalinge van hierdie artikel geraak nie.

Hy is verantwoordelik vir werk wat nie aan ander afdelings opgedra is nie.

76. Die stadsklerk moet sorg dat die werk verrig word wat nie spesiaal aan ander afdelings opgedra is nie, en wat noodsaaklik is ter behoorlike nakoming van enige verpligting wat die Raad aanvaar het, of wat aan hom opgedra is, en die stadsklerk moet in besonder onder alle onderhandelings in verband met die aanskaffing van grond en belange by grond, namens die Raad voer.

Hy moet verslae aan die pers verstrek.

77. Die stadsklerk kan aan 'n nuusblad, wat, ingevolge artikel agtien van die Post Administratie en Scheepvaart-kombinaties Verhinderings Wet, 1911, by die Posmeester-generaal geregistreer is, of aan sy verteenwoordiger die verslae van komitees verstrek, indien hy daarom versoek word.

Opgawe van die bywoning van vergaderings.

78. Die stadsklerk moet elke jaar 'n opgawe opstel en rondstuur wat die bywoning aantoon van raadslede by vergaderings van die Raad en sy komitees.

DIE GEWONE SEËL VAN DIE RAAD.

Bewaring van die gewone seël van die Raad.

79. Die gewone seël van die Raad moet deur die stadsklerk bewaar word.

(2) The town clerk or his deputy shall at all times be entitled to enter any building or premises under the control of the Council or of which the Council is the registered owner or in respect of which the dominium vests in the Council.

Relation to Committees.

73. The town clerk shall be the clerk of the Council and of its committees and shall be responsible for the conduct of the Council's business in accordance with Standing Orders, the terms of reference of the various committees and the resolutions of the Council. The town clerk shall be entitled to report to any committee on any matter that concerns that committee. The town clerk or his representative shall be entitled to attend any meeting of the Council, or of the Council-in-Committee, or of any committee or sub-committee of the Council.

Responsible for Records.

74. Save as provided in section 157, the town clerk shall have custody of the records of the Council and shall conduct the correspondence of the Council, except such portions of the records or correspondence as the Council or the town clerk may entrust to the head of any department; and the town clerk shall lay before the committee such correspondence as may in his opinion require the consideration of the committee, or he may require the head of the department concerned to submit any such correspondence together with his report thereon to the committee.

Position of Town Clerk—General.

75. The town clerk shall be the chief administrative official of the Council and as such shall in consultation with the heads of any departments concerned, be entitled to take any steps he considers necessary for co-ordinating the work of the Council. He may also initiate any other measures he considers necessary or desirable for securing greater efficiency and expedition in the work of the Council, subject, where necessary, to consultation with the head of any other department or to the approval of the Council or the Committee concerned. He shall without prejudice to the rights of heads of departments have general authority over the whole of the staff. He shall advise the Council on questions relating to the accommodation, appointment, dismissal and conditions of service generally of the staff. Nothing in this section contained shall affect the right of any committee or sub-committee of officials or other body which may have been constituted by the Council for the purpose of advising on staff matters and matters of major policy to consider and report on any of the foregoing matters.

Responsibility for Work Not Assigned to Other Departments.

76. The town clerk shall be responsible for the carrying out of any work not specially assigned to any other department, which is necessary for the due and proper performance by the Council of any functions assumed by or entrusted to it, and in particular the town clerk shall conduct all negotiations for the acquisition of land and interests in land on behalf of the Council.

Supply of Reports to the Press.

77. The town clerk may, on application being made to him by any newspaper, registered with the Postmaster-General under section eighteen of the Post Office Administration and Shipping Combinations Discouragement Act, 1911, supply to such newspaper or its representative the reports of committees.

Report of Attendance at Meetings.

78. The town clerk shall prepare and circulate annually a report showing the attendance of members of the Council at meetings of the Council and its committees.

THE COMMON SEAL OF THE COUNCIL.

Custody of the Common Seal of the Council.

79. The common seal of the Council shall be kept in the custody of the town clerk.

Aanbring van seëls op dokumente.

80. Alle dokumente waarop die gewone seël van die Raad aangebring word, moet beseël word ingevolge 'n besluit van die Raad of van 'n komitee wat behoorlik daartoe gemagtig is.

VERKIESING VAN DIE BURGEMEESTER EN DIE ONDERBURGEMEESTER.

Verkiesing moet sonder debat plaasvind.

81. Daar mag geen debat of bespreking ten opsigte van die verkiesing van 'n burgemeester of onderburgemeester gevoer word nie.

Nominasie.

82. Die voorsitter moet nominasies vir die burgemeestersamp vra, en elke nominasie moet skriftelik ingedien, en onderteken word deur die voorsteller en die sekondant, wat raadslede moet wees wat by die vergadering teenwoordig is, en moet vergesel gaan van 'n verklaring wat deur die kandidaat onderteken is, dat hy hom die nominasie laat welgeval, en elke nominasie en verklaring moet aan die voorsitter oorhandig word, wat dit dan moet voorlees. Indien daar slegs een nominasie ontvang word, moet die voorsitter, nadat hy die Raad van die inhoud van die nominasie verwittig het, en nadat hy 'n redelike tyd (minstens 5 minute) toegestaan het waarbinne verdere nominasies ingedien kan word, verklaar dat die genomineerde kandidaat behoorlik verkies is. Indien daar meer as een persoon genomineer word, moet daar per geslote stembrieffies gestem word. 'n Kandidaat mag hom nie onttrek nadat die stemming 'n aanvang geneem het nie, maar voor die aanvang daarvan, staan dit enige kandidaat vry om hom daaraan te onttrek, en indien daar as gevolg van een of meer onttrekkings, slegs een kandidaat oorbly, word so 'n kandidaat behoorlik verkose verklaar.

Geheime stemming.

83. Die geheime stemming geskied as volg:—

- (1) Elke raadslid moet die naam van die kandidaat vir wie hy wil stem, op 'n skoon stukkie papier skryf, die stukke papier toevou en dit in die stembus plaas wat vir dié doel verskaf is.
- (2) Elke lid wat by die vergadering teenwoordig is, insluitende die voorsitter, indien hy 'n raadslid is, moet stem maar die voorsitter het nie 'n tweede of beslissende stem nie.

Nadat al die stembrieffies in die stembus geplaas is, moet die stembus aan die voorsitter oorhandig word, wat twee stemopnemers uit die geledere van die raadslede of beamptes van die Raad moet aanstel. Die stemopnemers moet die uitslag van die stemming onderteken, en aan die voorsitter oorhandig, wat dit dan moet bekend maak.

- (3) In geval van 'n staking van stemme, moet die verkiesing deur loting beslis word; en in dié geval moet die stadsklerk die name van die kandidate wat dieselfde getal stemme gekry het, op afsonderlike stukkie papier skryf wat ewe groot en in alle opsigte eenders is, en hulle toevou en in die stembus plaas, en die voorsitter of iemand wat hy benoem, moet een van hierdie papiertjies uit die stembus haal, en die voorsitter moet die raadslid wie se naam op die stukkie papier staan wat eerste getrek is, behoorlik tot burgemeester verkose verklaar.

Verkiesing van onderburgemeester.

84. Die verkiesing van die onderburgemeester moet onmiddellik na die verkiesing van die burgemeester geskied, en die burgemeester moet die voorsitterstoel inneem. Die reëls betreffende die verkiesing van die burgemeester soos in artikels 81, 82 en 83 uiteengesit, is ook van toepassing op die verkiesing van die onderburgemeester, uitgesonderd dat die voorsitter 'n tweede of beslissende stem het.

DEEL II.—FINANSIËLE REGULASIES.

Begrotings.

100. Die jaarlikse begroting van die Raad word in sodanige vorm opgestel as wat die Komitee vir Finansies en Algemene Sake van tyd tot tyd voorskryf.

Sealing of Documents.

80. All documents to which the common seal of the Council shall be affixed shall be sealed in pursuance of a resolution of the Council or of a committee duly authorised thereto.

ELECTION OF MAYOR AND DEPUTY-MAYOR.

Election to be Without Debate.

81. No debate or discussion shall take place with reference to the election of mayor or deputy-mayor.

Nomination.

82. The chairman shall invite nominations for the office of mayor and every nomination shall be in writing signed by the proposer and seconder, who shall be councillors present at the meeting, and shall be accompanied by a statement signed by the candidate accepting such nomination, and every nomination and statement shall be handed to the chairman, who shall read out the same. If only one nomination be received, the chairman, after informing the Council of the contents of such nomination, and after allowing a reasonable time (not less than five minutes) to elapse to allow of other nominations being handed in, shall declare the candidate nominated to be duly elected. In the event of there being more than one nomination the election shall be by ballot. No candidate shall be entitled to withdraw after the ballot has commenced but prior to the commencement of the ballot it shall be open to any candidate to withdraw, and if, as the result of one or more withdrawals, there shall remain only one candidate, such candidate shall be duly elected.

Ballot.

83. The ballot shall take place in the following manner:—

- (1) Each councillor shall write on a blank piece of paper the name of the candidate for whom he wishes to vote, fold the paper, and place it in a ballot box provided for the purpose.
- (2) Every member present at the meeting shall be required to vote, including the chairman, if he is a councillor, but the chairman shall not have a second or casting vote.

Upon all papers being placed in the ballot box, the same shall be conveyed to the chairman who shall appoint two tellers from amongst officials of the Council. The result of the ballot shall be signed by the tellers and be handed to the chairman who shall declare it.

- (3) In the event of an equality of votes, the election shall be determined by lot, and in such case, the town clerk shall write the names of the candidates having an equal number of votes on separate pieces of paper of equal size and alike in all respect and fold the same, and such papers shall be placed in a ballot box, and the chairman, or such person as he may appoint, shall take one of such papers from the box, and the chairman shall declare the councillor whose name appears on the paper first drawn duly elected as mayor.

Election of Deputy-Mayor.

84. The deputy-mayor shall be elected immediately after the election of the mayor, who shall take the chair, and the rules in regard to the election of the mayor set out in sections 81, 82 and 83 shall apply to the election of the deputy-mayor, save that the chairman shall have a second or casting vote.

PART II.—FINANCIAL REGULATIONS.

Estimates.

100. The annual estimates of the Council shall be framed in such form as the Finance and General Purposes Committee may from time to time prescribe.

101. Gedurende die maand Maart in elke jaar moet die stadstresourier afdelingshoofde van ontwerp-begrotingsvorms voorsien om in te vul. Gedurende die maand April in elke jaar moet elke afdelingshoof aan die komitee wat die organisasie van sy afdeling in sy opdrag het, 'n ontwerp-begroting van uitgawe in sy afdeling vir die opvolgende boekjaar, stuur.

102. Die stadstresourier moet die begrotings van alle afdelings opsom en aan die Komitee vir Finansies en Algemene Sake vir oorweging voorlê.

103. Die Komitee vir Finansies en Algemene Sake moet die begroting van elke komitee oorweeg, en kan dit op enige wyse wat hy nodig ag, wysig. Daarna, en minstens veertien dae voor die verstryking van die boekjaar, moet die Komitee vir Finansies en Algemene Sake die begroting aan die Raad voorlê.

Uitgawe.

104. Die Raad mag geen uitgawe bewillig voordat die Komitee vir Finansies en Algemene Sake dit oorweeg het en verslag daarvoor gelewer het nie.

105. Elke aanbeveling vervat in 'n verslag aan 'n komitee, waarby uitgawe betrokke is, moet meld onder watter begrotingspos dit in rekening gebring moet word of dat 'n addisionele begrotingspos nodig is, na gelang van die geval.

106. Geen komitee wat uitgawe wil aangaan waarvoor daar geen voorsiening in die lopende begroting gemaak is nie, mag aanbeveel dat voorsiening vir sodanige uitgawe in die begroting vir enige volgende boekjaar gemaak word nie.

Oorskryding van Begrotingsposte.

107. In enige geval waar die werklike uitgawe op 'n inkomstebegrotingspos die oorspronklike raming oorskry het, moet die verantwoordelike komitee die feite onverwyld aan die Komitee vir Finansies en Algemene Sake rapporteer, met vermelding van die redes vir die oorskryding, en die Komitee vir Finansies en Algemene Sake kan, na goeë dunde, die saak voor die Raad bring.

108. Geen besparing op 'n bedrag waarvoor daar in die begroting voorsiening gemaak word vir 'n spesifieke doel op inkomsterekening, mag aangewend word om die oorskryding te dek op 'n bedrag wat vir 'n ander doel toegewys is nie.

